**SAVLU 2027**

**SKRYFKUNS**

**Onderwerp: Storie vir ‘n kleuter.**

**Vereistes**

- Storie vir ‘n kleuter van 3 – 5 jaar.
- Aantal woorde: 450-500
- Dui die woordtelling aan die einde van die storie aan.
- Font: Gebruik Calibri 12 in 1,5 spasiëring op A4 grootte papier of karton.
- Skryfstuk mag nie ouer as twee jaar wees nie, eie werk en ook nie gepubliseerd wees nie

**Riglyne:**

- ‘n Storie vir voorskoolse kinders is gevra.
- Skep karakters wat geloofwaardig voorkom. Hulle moet dus sterk- en swakpunte, asook drome hê, en die wilskrag om probleme te oorkom en drome te verwesenlik.
- Die struktuur is eenvoudig met kort maar kragtige sinne.
- ‘n Begin, middel en einde is belangrik. Die storie moet dus van die begin af boeiend wees, die kind neem op ‘n opwindende reis en ‘n gelukkige einde hê.
- Kies ‘n eenvoudige, prettige onderwerp waarmee die kind sal vereenselwig.
- Die inhoud moet geloofwaardig wees, m.a.w. skets die wêreld vanuit ‘n kleuter se perspektief.
- Die tema is u eie keuse.

**Wenke:**

- Hou die belangstellings en ontwikkelingsvlak van dié ouderdomsgroep in gedagte.
- Hanteer fantasie versigtig. Meeste kinders in hierdie ouderdomsgroep kan nog nie onderskei tussen fantasie en werklikheid nie.
- Superhelde is nie geskik vir hierdie ouderdom nie. Hulle sin vir gevaar is nie genoegsaam ontwikkel om besluite te neem vir hul eie en ander se veiligheid nie.
- Herhaal frases, rymwoorde of klanke vir pret en ter wille van taalontwikkeling.
- Stories oor kinders van hul eie ouderdom is altyd ‘n treffer, veral in die geval waar die kleuter met dieselfde probleem worstel as die karakter (vrees, angs, ‘n gebrek, ens).
- Maak gebruik van direkte rede om die storie meer interessant en geloofwaardig te maak.
- Moet nie die humor vergeet nie.

**Belangrike punte by beoordeling**

| **Taalgebruik en tegniese aspekte:** | **Inhoud en kreatiwiteit:** |
|---|---|
| - Woordorde<br>- Sinskonstruksie<br>- Leestekens<br>- Tyd<br>**-** Beskrywende woorde | - Omgewing (‘setting”)<br>- Beeldspraak en klanknabootsing<br>- Verhaalelement, (konflik, aksie, toon)<br>- Dialoog<br>- Verrassingselement<br>- Karakterontwikkeling<br>- Impak van die slot |

**Aanbieding:**

- ❖ Plak ‘n koevertjie agterop die skryfstuk met SKRYFKUNS, u naam, tak, area en provinsie.
- ❖ Plaas die skryfstuk in ‘n liaseersakkie.
- ❖ Heg die SAVLU beoordelaars kaartjie aan die skryfstuk met lang genoeg hekeldraad.